# Hoe om lapverf te doen

Hierdie is ’n baie skeppende aktiwiteit om verskeie nuttige artikels mee te maak. ’n Mens kan verskillende verfmetodes gebruik soos aartappeldruk, sponsies, ensovoorts. Lapverf kan gebruik word as deel van spesialisasies soos Handwerk, Beeldende kunste en Tuiskookkuns (tafeldoeke, servette of plekmatjies). Gebruik dit ook om vir ’n span T-hemde, bordesakkies, bandanas of ’n spanvaandel te maak.

## ? Stappe

1. **Lapverf**
   - Jy benodig ongebleikte linne, lapverf, kwaste, potlood, uitveër, houer vir verf, lepels, koerante en houers vir water.
   - Sorg dat die materiaal gestryk en skoon is.
   - Gebruik ’n potlood om die patroon wat jy wil verf liggies op die materiaal te teken. Vir kleiner kinders kan prente uit inkleurboeke of vanaf die Internet gebruik word. Jy kan die materiaal met maskeerband vasplak sodat dit nie skuif nie.
   - Verf met die lapverf die patroon op die materiaal. Moenie te veel verf gebruik nie. Sorg dat daar genoeg koerantpapier onder die materiaal is. Indien T-hemde geverf word, plaas dik koerante binne in die hemp sodat die verf nie deurslaan na ’n ander deel waarop jy nie die verf wil hê nie.
   - Maak seker jou kwas is skoon voordat jy dit in die ander kleur verf indruk. Die verf is permanent. Beplan dus goed.
   - Onthou om die item, sodra dit goed droog is, aan die agterkant met ’n baie warm strykyster te stryk of plaas dit in die tuimeldroeër om dit kleurvas te maak.
   -



2. **Afdrukke op lap** – Verf ’n lagie verf op die drukker en druk dit hard op die materiaal.

Daar is verskillende maniere waarop afdrukke op lap gedoen kan word. Gebruike verskillende drukkers soos:

- Sponsies
- Stensils
- Aartappels – sny aartappel in die helfte. Sny patroontjies uit.
- Selfgemaakte drukkers uitgekerf uit balsahout – trek die ontwerp op die skoon stukkie hout af. Gebruik ’n knipmes om buiterande weg te sny sodat die ontwerp uitstaan.
- Gekoopte drukkers
- Hande van spanlede

3. ’n **Glasblad(**ruit), ’n **stewige plastiek** of **metaalskinkbord** kan ook gebruik word om ’n prent op die lap af te druk.
   - Smeer verf op een van bogenoemde. Teken met jou vingers (of ’n stokkie) jou prent in die verf. Gebruik redelike breë strepe. Plaas die lap op die verf en lig die ontwerp versigtig op.




4. Waarvoor **kan jy die lapverf gebruik**?
   - Spanbordesakkie
   - Kussingsloop
   - Skinkbordlappie
   - Voorskoot
   - Sakkie

## ☺ Wenke

1. Soom die ongebleikte linne om voordat die artikel gemaak word om te keer dat dit met hantering uitrafel.
2. Ontwerpe kan eers op ’n kleiner lap gedoen word en dan op die groter artikel vasgewerk word.

## ☠ Waarskuwings

1. Materiaallapverf was nie maklik uit klere uit nie. Laat die kinders ou klere aantrek of gebruik ’n ou T-hemp van pa of ma bo-oor hulle klere.
2. Plaas die artikel in die son om gouer droog te word, anders kan die verf dalk smeer.

## 🕮 Bronne

1. Katverfkuns vir kinders – kreatiewe projekboek.